# Hoofstuk van die dag: Job 36-37

> *Ja, dit staan vas: My woorde is nie leuens nie; iemand met volmaakte kennis is hier by jou. (36:4, 2020-vertaling)*

’n Mens is so half verslae as jy lees hoe Elihu oor homself dink. Hy beskik oor volmaakte kennis (36:4)! Dis niks anders nie as matelose hubris. Dit is jammer, want baie van wat hy sê, maak sin. Sy beskrywing van God se verhewenheid en almag, soos dit in die skepping duidelik blyk, is aangrypend mooi (36:26-33). Sy raad aan Job is dat hy moet toelaat dat die skeppingswonders hom sal ontroer voor God (37:14), eerder as dat hy God se plan met sy lewe bevraagteken.

Die probleem met Elihu se betoog is dat hy hoegenaamd nie Job se wroeging verstaan het nie. Job het nog nooit God se almag en grootheid bevraagteken nie (vgl 9:10); sy vraag lê by sy eie situasie, en hoe dit rym met God se regverdigheid. So mis Elihu die punt.

Voordat jy aan ’n ander raad kan gee, moet jy jou eers in sy of haar situasie probeer indink en die probleem probeer verstaan. Daarsonder slaan jy die bal mis en is jou raad misplaas en afbrekend. Veralgemenings en slimmighede oor God help niemand wat in ’n spesifieke nood verkeer nie.

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026